



Resensies / Reviews

- Conradie, Ernst M. 2008. **Angling for interpretation: a first introduction to Biblical, theological and contextual hermeneutics.** Stellenbosch: African Sun.
(F.W. de Wet) 775
- Katts, Donald J. 2007. **Op weg na 'n menswaardige samelewing: 'n teologies-etiese ondersoek na die korrelasie tussen 'n handves van menseregte en morele verantwoordelikheid.** Stellenbosch: African Sun.
(C.F.C. Coetzee) 778
- Van der Walt, B.J. 2008. **The eye is the lamp of the body: worldviews and their impact.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.
(J.J.F. Krüger) 780
- Boerke, C., red. 2008. **Paul Gerhardt (1607-1676).** Apeldoorn: Theologische Universiteit.
(E.J. Smit) 783
- Bonhoeffer, Dietrich. 2008. **Wat dissipelskap kos: genade wat alles van jou vra.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(W.C. Opperman) 786
- Vos, Cas. 2008. **Hoe kan ek jou laat los? God se liefde vir wegloopmense – Hosea.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(W.I. Wessels) 788

Fokusresensies

- Simpson, Nico. 2008. **[On]gebreek: genade maak weer heel.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(P.P. Kruger) 790
- Smit, Nina. 2008. **Lig vir die wêreld: deur dieper geloof na lewensvreugde.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(S. Lourens) 792
- Parrot, L. & L. 2008. **Die ouer wat jy graag wil wees.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(W. Leuschner) 793
- Botha, Jannie. 2008. **Pendelhuwelik.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(G. Lotter) 795



Resensies / Reviews

Conradie, Ernst M. 2008. *Angling for interpretation: a first introduction to Biblical, theological and contextual hermeneutics*. Stellenbosch: African Sun. 121 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-920109-53-0.

Resensent: F.W. de Wet
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In *Angling for interpretation* (die tweede nuut bygewerkte 2008-uitgawe van 'n werk wat oorspronklik in 2001 gepubliseer is) wil die skrywer, Ernst Conradie, 'n basiese inleiding gee tot die komplekse hermeneutiese proses wat in die verstaan van die Bybel ter sprake kom. Dieselfde handeling van interpretasie moet volgens die skrywer vanuit verskillende invalshoeke beskou word:

- vanuit maniere waarop die Bybel gebruik (en misbruik) word;
- vanuit maniere waarop die teologiese vooronderstellings van die tradisie waaruit die interpreteerder kom 'n wesenlike rol speel en konstant in 'n proses van transformasie verkeer;
- en vanuit die impak wat sodanige interpretasie het op die sosiale konteks waarin die Bybel geïnterpreteer word.

Vir Conradie bestaan die taak van hermeneutiek daarin om die komplekse proses van interpretasie te beskryf en om met kritiese ondersoek die oorsaak van skeefgetrekte interpretasie vas te stel.

Die kompleksiteit van die interpretasieproses het nie alleen daarmee te doen dat dit 'n voortdurende proses is, wat nooit by 'n finale, "korrekte" interpretasie van die Bybel kan uitkom nie, maar ook daarmee dat die interpreteerder die Bybel nie op 'n neutrale, objektiewe wyse kan lees nie. Sonder dat hy/sy dit beseft, word 'n mens deur verskeie faktore beïnvloed in die vooronderstellings waarmee die teks benader word.

Verskillende interpretasies van dieselfde Bybelteks (deur mense wat uit verskillende tradisies kom, hulle in verskillende sosiale kontekste bevind en met verskillende wêreldbeskouinge werk) is nie altyd onskuldig nie. Hierdie verskillende interpretasies mag 'n aanduiding daarvan wees dat die interpretasie skeefgetrek word om die eie posisie van mag te regverdig en te konsolideer. Bybelse interpretasie behoort dus met 'n gesonde suspisie op verskeie vlakke bejeën te word. Die interpreteerder behoort krities teenoor die eie interpretasie, die eie tradisie, die kulturele opvattinge van die wêreld waarin ons leef en selfs teenoor die kulturele opvattinge van die Bybelskrywers te wees in 'n poging om tot 'n toereikende, verantwoordelike interpretasie te kom. Selfs die Bybelse teks moet volgens Conradie krities nagegaan word. Die magspel wat gevoer is in die kontekste waarin die Bybel geskryf is, mag wel gereflekteer word in die manier waarop die Bybelse teks ingerig is.

Met hierdie omlyning van die taak van hermeneutiek, werk Conradie met die standpunt dat daar slegs van 'n relatief-adekwate interpretasie van die Bybel sprake kan wees. In die laaste deel van hierdie publikasie word 'n werkende model vir hierdie relatief-adekwate interpretasie daargestel. Die beste beginpunt vir die interpretasieproses, volgens hierdie model, is die punt waar die interpreteerder hom/haar bevind. Die Bybelleser kan eenvoudig nie die impak van waar hy hom/haar bevind ten opsigte van identiteit, tradisie en sosiale konteks vermy nie. Ons bevind onself in 'n posisie waar ons reeds 'n vorige skakel tussen teks en konteks gemaak het. Die eerste stap in 'n relatief-adekwate interpretasie sal wees om die eie vooronderstellings ten opsigte van die teks tot uitdrukking te bring. Die volgende stap sou wees om die vooronderstellings op 'n kritiese manier te toets en verder te ontwikkel. Sonder 'n bepaalde voorverstaan sou interpretasie nie moontlik kon wees nie. 'n Hermeneutiek van suspisie is nodig in die lig van moontlike distorsies in interpretasie. Tegelykertyd maak 'n hermeneutiek van vertroue dit moontlik dat ons tradisie ons in staat stel om sin te maak van die wêreld om ons. Ons kan eenvoudig nie alles wantrou nie – dit sou die lewe ondraaglik maak. Daarom rig Conradie sy model in as 'n voortdurende, spiraalvormige siklus waarin daar vanaf 'n hermeneutiek van vertroue, deur die kritiese gang van 'n hermeneutiek van suspisie heen, beweeg word na 'n hermeneutiek van vertroue. Met hierdie inrigting van die hermeneutiese spiraalgang met sy balans tussen suspisie en vertroue, slaag Conradie daarin om die interpretasieproses nie in 'n totale relativisme en ankerloosheid te laat verval nie.

Hierdie werk is kennelik bedoel as 'n eerste inleiding tot Bybelse, teologiese en kontekstuele hermeneutiek. Dit is geskryf in die vorm van 'n werkboek met vrae en oefeninge wat die voorgraadse student in hermeneutiek sal kan help om eerste treë in die komplekse wêreld van Bybelinterpretasie te gee. Hierdie boek is egter in 'n vorm geskryf wat ook van waarde sal wees vir persone wat hulle opnuut wil oriënteer ten opsigte van die ingewikkelde proses van interpretasie, en wat eerlik wil besin oor die toereikende instrumente wat nodig is om die eie interpretatiewe pogings te beskerm teen Skrifmisbruik. Veral interpreteerders/verklaarders wat met die deduktiewe benadering van die tradisioneel-gereformeerde hermeneutiek werk, sou hierdie werk kon gebruik om hulle benadering te verantwoord ten opsigte van die invloed wat patrone in die teologiese tradisie en fasette van die kontemporêre konteks op vooronderstellings kan uitoefen – veral as dit kritiekloos en onontbloot en in geradikaliseerde vorm sy gang gaan. Weens die inleidende aard van hierdie bepaalde werk van Conradie sou dit nie as 'n volledige gids vir herbesinning ten opsigte van 'n eie hermeneutiese denke in gereformeerde konteks kon dien nie. Alhoewel die element van diversiteit en relatiewe aard van interpretatiewe resultate in Conradie se werk beklemtoon word, sou dit ook nodig wees om 'n vertrekpunt te gee vir besinning rondom die kriteria wat gebruik word om vastigheid, sekerheid, duidelikheid en onveranderlike elemente in die Skrifopenbaring van die God wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, te hanteer. Dit sou ook nodig wees om die hermeneutiek van suspisie ten diepste te begrond nie in die kritiese gees van 'n mens wat deur die bril van 'n bepaalde tydsgees kyk nie, maar op 'n pneumatologiese wyse in die gesindheid van Jesus Christus wat gekom het om die wil van sy hemelse Vader vir ons volkome duidelik te maak en om alle huigelagtigheid, skynheiligheid en selfbedrog bloot te lê en om ons in die volle waarheid te lei.

Katts, Donald J. 2007. Op weg na 'n menswaardige samelewing: 'n teologies-etiese ondersoek na die korrelasie tussen 'n handves van menseregte en morele verantwoordelikheid.

Stellenbosch: African Sun. 303 p. Prys: R99,95.

ISBN: 978-1-920109-41-7.

Resensent: C.F.C. Coetzee

Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Die oorkoepelende tema van menseregte het in Suid-Afrika, veral in die bedeling wat in 1994 aangebreek het, 'n brandend-aktuele tema geword. Vir gelowiges in die land en vir Christenakademici, is dit veral 'n dringende behoefte dat daar oor hierdie tema indringende prinsipiële besinning sal plaasvind.

Die publikasie van Katts hanteer inderdaad vanuit 'n bepaalde hoek hierdie behoefte en moet as sodanig verwelkom en aanbeveel word. Dit is aanvanklik as proefskrif by die Universiteit van Stellenbosch aangebied met prof. Nico Koopmans as promotor en daarna met toestemming van die Universiteit gepubliseer.

Op p. 13 word die uitgangspunt van die boek soos volg geformuleer: "Handveste van menseregte alleen laat nie 'n menswaardige samelewing realiseer nie, maar wel eerder mense, en praktyke van morele verantwoordelikheid lewer hierin 'n onontbeerlike bydrae."

Voordat die skrywer in besonder op die korrelasie tussen 'n handves van menseregte en morele verantwoordelikheid fokus, word daar in hoofstuk twee 'n oorsig oor die ontwikkeling van menseregte gegee, waaruit die belangrike aspek na vore kom dat menseregte 'n saak is wat van die vroegste tye aandag geniet het.

In dieselfde hoofstuk word ook 'n oorsig gegee oor die kwessie van menseregte in Suid-Afrika. Dit is ongelukkig baie oorsigtelik en dit boet aan volledigheid in. Myns insiens slaag dit nie daarin om aan die gevaar van eensydigheid te ontkom nie. Die vraag kan myns insiens selfs gevra word of 'n spesifieke ideologiese perspektief nie afbreuk doen aan die wetenskaplikheid van die navorsing nie. So word byvoorbeeld in 'n enkele sin, oor die periode na 1948 slegs die volgende gesê: "Die tydperk na 1948 was veral vir die swart bevolking van Suid-Afrika 'n tydperk van voortdurende onderdrukking, verlaging van salarisse, persoonlike en werksonsekerheid."

In hoofstuk drie word gehandel oor die moontlikhede en beperkings van menseregte. Aandag word aan die “Universele verklaring van menseregte” gegee, die Verenigde Nasies, die Akkoord van Helsinki en die stand van menseregte in Swede en Nederland, met die motivering dat die kwessie van menseregte in hierdie twee lande reeds besonderlik gevestig is of behoort te wees. Wat Afrika betref, word op Kenia, die DRK en Suid-Afrika gefokus.

In hoofstuk vier kom die teologiese begronding vir ’n handves van menseregte aan die orde. Standpunte wat beweer dat die kwessie van menseregte nie Skriftuurlik en teologies begrond kan word nie, word krities beoordeel en afgewys. Dit is jammer dat daar ook in hierdie verband ’n eensydige verwysing gemaak word na die “Voor-trekkers” wanneer daar op p. 93/94 gesê word dat hulle in die Naam van God die oorlog teen die Zoeloes geveg het. Katts verwys na Nürnberger wat beweer dat hierdie historiese gebeurtenis bewys is van die twyfelagtige verhouding wat daar tussen die teologie en menseregte was. Hierdie stelling gaan mank aan ’n juiste perspektief op die geskiedenis en gee aan die boek weereens ’n bepaalde ideologiese kleur.

Wat die positiewe teologiese begronding van menseregte betref, word veral op die trinitariese perspektief gefokus asook die feit dat die mens beeldraer van God is. Die verwysing na sonde is ook ’n belangrike beklemtoning wat in die debat oor menseregte baie meer aandag behoort te kry.

In hoofstuk vyf kom die baie belangrike saak van morele verantwoordelikheid en ’n menswaardige samelewing aan die orde. In hierdie hoofstuk is die belangrikste bydrae van die boek myns insiens te vind. Die skrywer verwys onder andere na die teoloog Hans Küng wat die behoefte uitgespreek het aan ’n “Verklaring oor menslike verantwoordelikheid”. Hierdie behoefte behoort in die Suid-Afrikaanse opset dringend aandag te geniet. ’n Etiek van verantwoordelikheid moet gekweek word, soos Katts tereg aantoon. Verder word die betrokkenheid en verantwoordelikheid van die kerklike gemeenskap beklemtoon, asook dié van die burgerlike samelewing, die rol wat wetgewing kan speel asook die baie belangrike saak van die politieke wil.

Ongelukkig bly die skrywer in gebreke om byvoorbeeld die wette ten opsigte van homoseksualiteit prinsipieel in die lig van die Skrif te beoordeel (p. 147). Dit bevestig die konklusie dat indringende prinsipiele besinning nie genoegsaam en deurlopend toegepas word nie. Dit is ook jammer dat die skrywer, soos blyk uit die bibliografie,

nie die publikasies van 'n skrywer soos J.M. Vorster geraadpleeg het nie. Vorster het homself onmiskenbaar in die Suid-Afrikaanse en internasionale milieu gevestig as 'n kundige oor die tema van menseregte wat dit juis konsekwent vanuit 'n prinsipiële vooronderstelling benader. Uit sy pen het reeds twee boeke en 24 artikels oor hierdie saak die lig gesien. Dit is eintlik ondenkbaar dat Katts so 'n belangrike bydrae nie verdiskonteer het nie.

Ten spyte van bogenoemde kritiese opmerkings, lewer die boek van Katts wel 'n bydrae tot hierdie belangrike en voortgaande debat.

Van der Walt, B.J. 2008. The eye is the lamp of the body: worldviews and their impact. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. 204 p. Prys: R120,00. ISBN: 978-1-86822-555-2.

Resensent: J.J.F. Krüger
Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Prof. Bennie van der Walt is bekend as direkteur van die voormalige Instituut vir Reformatoriese Studie in Potchefstroom. Hy het deur die jare 'n groot aantal boeke en artikels gepubliseer oor die onderwerp van 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie keer skryf hy veral oor die praktiese nut daarvan. Dit is die grootste wins van hierdie boek. Hoewel dit aan die een kant dus nie geskik is vir persone wat vir die eerste keer met die onderwerp kennis maak nie, is dit aan die ander kant juis vir "ingewydes" goed om byna dadelik by die praktiese kant van die saak te kom.

Na 'n kort inleidende hoofstuk, handel Afdeling A (hoofstukke 2-5) oor teoretiese aspekte, en Afdeling B (hoofstukke 6-10) oor praktiese toepassings. In hoofstuk 2 kom die belangrike tema van die openbaring van God aan die orde – veral die openbaring van God in die natuur of in die geskape orde, naas die openbaring in Christus en in die Bybel. Van der Walt lê tereg hierop klem, omdat hy hoop om daarmee bepaalde eensydighede in die tradisionele benadering tot die lees van die Bybel uit die weg te ruim, naamlik moralisme, intellektualisme, dogmatisme en piëtisme wat hy beslis afwys. Vir hom gaan die openbaring van God nie in die eerste plek oor die persoonlike verlossing van 'n individu nie. Die klem val eerder op die kosmiese omvang van God se heilswil. Slegs binne hierdie raam-

werk is 'n persoonlike verhouding met en navolging van Jesus Christus as Verlosser verstaanbaar en sinvol. Van der Walt probeer ook aantoon hoe 'n reformatories-wysgerige definisie van die Woord van God 'n beter resultaat oplewer as 'n gereformeerde-teologiese benadering. Hy slaag egter na my mening nie daarin om hiermee 'n wins vir die reformatoriese wysbegeerte aan te dui nie. Dit is ook opmerklik dat Van der Walt nie in diskussie met spesifieke gereformeerde teoloë of teologiese werke tree nie (vgl. die bibliografie), wat die vraag onwillekeurig laat ontstaan of hy teen werklike standpunte betoog, of teen 'n persoonlike persepsie van standpunte.

Hoofstuk 3 bied 'n waardevolle kort oorsig oor die geskiedenis van die idee van wêreldbeskouings. 'n Aantal kriteria word genoem waaraan 'n wêreldbeskouing moet voldoen om 'n goeie of bruikbare een te wees. Veral waardevol is die bespreking van die gevare waarop aanhangers van wêreldbeskouings bedag moet wees. Die belangrikste is dat elke wêreldbeskouing die gevaar loop om in ideologiese eensydigheid en absolutisme te stol. Dit is nie minder waar vir 'n integraal Christelike beskouing nie. Elke wêreldbeskouing moet dus oop staan vir verandering, herformulering en kritiese selfbeskouing in dialoog met ander beskouings en veral met die Woord van God.

In hoofstuk 4 word meer aandag aan die unieke van 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing gegee. Hier gaan dit vir die outeur veral om die kritiese behoefte aan Christene wat 'n verlossende en bevrydende effek op hulle totale omgewing het, teenoor die verskynsel dat evangeliese Christene dikwels meer in hulle eie persoonlike geestelike lewe en verlossing belangstel as in die nood van die wêreld rondom hulle. Van der Walt pleit vir 'n holistiese benadering wat die volle geskape werklikheid in die verlossende aandagsveld van gelowiges insluit. Hierin raak hy myns insiens die hart van die reformatoriese lewensbeskouing aan.

In hoofstuk 5 word 'n belangrike oorsig gegee oor die ontstaan van postmodernistiese denke. Hy toon aan hoe die verzet teen die idee van algemene normatiwiteit enersyds 'n reaksie is teen die strak rasionalisme van die modernisme, maar andersyds tog nie 'n nuwe verskynsel is in die wêreld nie. Hierdie soort reaksie kom reeds sedert die hoogbloei van die Griekse wysbegeerte telkens weer in die Westerse ideëgeskiedenis voor. Verder toon hy ook aan hoe die modernisme selfs reeds die toneel gereed gemaak het vir postmodernisme, sodat postmodernisme die logiese gevolg van die modernisme is en in die verlengde van die modernisme lê. Hierdie hoofstuk is 'n uitsondering op die reël: dit lees moeiliker as die res

van die boek, en vereis redelike voorkennis van die geskiedenis van die wysbegeerte.

In Afdeling B begin hoofstuk 6 met die belangrike vraag of daar 'n verband te lê is tussen 'n tradisionele Afrika lewens- en wêreldbeskouing en armoede in Afrika. Sommige kenners meen dat ontwikkeling in Afrika 'n herlewing van die tradisionele wêreldbeskouing vereis, ander weer dat dit juis die tradisionele beskouings is wat in die weg van ontwikkeling staan. Van der Walt neem hier nie self standpunt in nie, maar laat dit aan (sy keuse van!) Afrika-denkers oor om die lyne te trek. Hierdie denkers identifiseer sake soos kommunalisme, gebrek aan dissipline, oordrewe respek vir gesag, tydsbeskouings, vrees vir die geesteswêreld en magie, fatalisme en tribalisme as sommige van die aspekte wat negatief op die ekonomiese ontwikkeling van die kontinent kan inwerk. Aan die ander kant is juis die groter openheid vir menslikheid en medemenslikheid dalk 'n belangrike korrektief op dié van die Weste. Persoonlik sou ek graag meer wou lees oor hoe 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing 'n korrektief in hierdie situasie kon wees. Van der Walt se kursoriese opmerkings bevredig nie. Maar miskien is dit weer 'n onderwerp vir 'n volgende boek ...

Die bydrae in hoofstuk 7 oor Antheunis Janse van Biggekerke is biografies en historiografies fassinerend, maar pas nie heeltemal in die opset van die boek nie, behalwe vir die duidelike aanwysing dat 'n mens nie 'n geleerde teoloog of filosoof hoef te wees om die lewensbeskoulike implikasies van die gereformeerde geloof te verstaan en toe te pas nie. In die sin dat Janse hom verset het teen gereformeerde skolastiek, is hy egter beslis die lees werd!

Hoofstukke 8 en 9 handel oor die Christelike wêreldbeskouing van aartsbiskop (emeritus) Desmond Tutu. Hierdie hoofstukke bevat belangrike materiaal wat aandui hoe 'n radikale geloof met 'n kosmiese skopus groot impak in die leefwêreld van mense en in gemeenskappe kan hê. Persoonlik deel ek baie van Van der Walt se waardering vir Tutu, en daarom het ek relatief min ongemak met die lees van hierdie hoofstukke ervaar. Ander lesers mag dalk minder gemaklik daarmee wees. Tog vermoed ek dat Van der Walt belangrike aspekte van Tutu se denke verswyg of opsetlik daarby verbygaan. So is dit in sy bespreking van die basiese komponente van 'n Christelike wêreldbeskouing (p. 234) en in sy bespreking van Tutu se kenmerkende aksente (p. 242-243) merkwaardig dat die idee van verlossing in Christus ontbreek. Vir Tutu is die inkarnasie van die Seun en die opstanding uit die dood blykbaar belangriker as die kruisdood van Christus – wat goed pas by onlangse universalistiese

opmerkings van Tutu in die pers. (Die sentraliteit van die kruis van Christus, en van Christus self as kosmiese Koning van alle dinge, is trouens opmerklik afwesig in die hele boek, omdat Van der Walt self sy hele beskouing meer op God se soewereiniteit as op Christus se Koningskap fundeer.) Hoewel Van der Walt toegee dat Tutu soms in eensydighede verval (soos in sy aandrang dat God die God van die armes is), en ook kanttekeninge maak by sy spiritualiteit, is dit veral Tutu se mens- en samelewingsbeskouing waarby hy aansluiting vind – tereg, meen ek. Uiteindelik gee Van der Walt toe dat hy opsetlik onkrities is in sy bespreking van Tutu se denke, en ek aanvaar dat dit dalk nodig is in 'n oorkritiese gereformeerde omgewing. Tog sou die waarde van sy waardering groter gewees het indien hy ook bereid was om eerlik in diskussie oor verskilpunte te gaan.

Die boek sluit af met 'n bespreking van die geskiedenis en sluiting van die Instituut vir Reformatoriese Studie in Potchefstroom. Aanvanklik lyk dit na 'n ongepaste stukkie selfregverdiging en selfs mosterd na die maal. Tog toon Van der Walt in hierdie hoofstuk wel aan hoe wêreldbeskoulike verskille – ook tussen Christene van dieselfde konfessionele signatuur – in die praktyk belangrike en selfs kontroversiële gevolge kan hê.

Dit is 'n interessante boek wat baie variasie bied. Miskien is die variasie ook die rede vir die gevoel dat die boek nie werklik 'n eenheid vorm nie. Dit is saamgestel uit 'n aantal artikels wat op ander plekke gepubliseer is. Tog sny dit 'n aantal baie relevante sake aan wat diskussie verdien. Dit sou jammer wees as die reformatories-wysgerige stem in Suid-Afrika uiteindelik stil moet word omdat daar te weinig belangstelling voor oorgebly het. Daarom kan ek die boek aanbeveel en pleit: neem en lees!

Boerke, C., red. 2008. **Paul Gerhardt (1607-1676).** Apeldoorn: Theologische Universiteit. 702 p. ISBN: 978-90-75847-22-2. (Apeldoornse Studies, no. 49.)

Resensent: E.J. Smit
Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Suid

In Suid-Afrika is die Duitse predikant en digter, Paul Gerhardt (1607-1676), waarskynlik nie algemeen bekend nie. 'n Bundel gedenkleesings oor sy lewe en die kerkliedere wat hy geskryf het, sal moontlik daarom nie veel aandag trek nie. Dit sou egter jammer

wees, want die lewe en werk van Gerhardt, soos dit in hierdie publikasie onder redaksie van drs. Christa Boerke belig word, bied fassinerende insigte oor onder meer die invloed wat sy kerkliedere oor tyds-, kulturele en kerklike grense gehad het. In 'n tyd waarin kerkeenheid en die rol en aard van die kerklied opnuut onder die soeklig geplaas word, is dit vir die huidige Suid-Afrikaanse kerklike konteks belangrik om ook van hierdie bundel notisie te neem.

Paul Gerhardt word, naas Maarten Luther, as een van die grootste digters van die geestelike lied binne die Lutherse tradisie gereken. Met die viering van sy geboorte, 400 jaar gelede (op 12 Maart 1607) is sy lewe en werk op allerlei wyse in Duitsland gevier. Die feit dat ook die Teologiese Universiteit van Apeldoorn 'n simposium gereël het om deel te vorm van hierdie vierings, is daarom insiggewend. Dit dui daarop dat die gedigte en kerkliedere van Gerhardt wyer bekend geword het as slegs binne Lutherse kringe. Selfs in Nederland, binne tradisioneel-Calvinistiese kerke, het sommige van sy liedere bekend en geliefd geword. Die jarelange stryd tussen die Lutherane en Calviniste kon nie verhoed dat Gerhardt se liedere ook 'n plek in die harte en op die lippe van gereformeerdes in Nederland kon vind nie.

Die bundel bestaan uit vyf hoofstukke. In die eerste hoofstuk gee Boerke 'n oorsig oor die lewensgeskiedenis van Gerhardt. As Lutherse predikant was hy bekend en geliefd by lidmate uit alle vlakke van die lewe. In 1647 is 'n aantal van sy liedere opgeneem in 'n bundel wat deur die bekende *cantor* van die Sankt Nikolaikirche in Berlyn, Johan Crüger, uitgegee is. Omdat hy dit persoonlik ondervind het, is lyding 'n tema wat dikwels in sy liedere na vore kom. Die waarde van Gerhardt se liedere is veral daarin geleë dat hy die gelowige oproep om geduldig te aanvaar wat die Here oor 'n mens se lewenspad bring. Hoewel Gerhardt as 'n verteenwoordiger van die Lutherse ortodoksie beskou kan word, is daar ook tekens van die opkomende Piëtisme van daardie tyd in sy liedere waarneembaar. Sy liedere was daarin diensbaar dat nie alleen die verstand van die gelowige nie, maar ook sy emosie in sy een-wees met sy Verlosser, Jesus Christus, betrek is. Gerhardt wou nie dat die kerklied slegs maar in die erediens gebruik word nie: ook in die breë gemeenskap, by huisgodsdienste en in die binnekamer wou hy gelowiges van die verlossing van Christus laat sing en die sin wat dit in 'n stukkende lewe bring.

In die tweede hoofstuk van die bundel toon dr. Arjen Velema op 'n boeiende wyse aan hoedat die groot Duitse komponis, Johann Sebastian Bach, gebruik gemaak het van die gedigte van Gerhardt

in sommige van die kantates wat hy gekomponeer het. Hoewel Bach van die (vrye-)liedtekste van Gerhardt hiervoor gebruik het, het hy ook sy eie teologiese beklemtoning daaraan gegee deur sekere weglatings en byvoegings. Vir Bach was musiek ten eerste iets wat tot eer van God moes dien, maar dit moes ook die hart (emosie) van die mens aanraak, sodat hy/sy langs hierdie weg kon kom tot oorgawe aan God, geloof in Hom, asook vreugde en nederige onderworpenheid. Hierin het hy sterk aansluiting gevind by Gerhardt, wat die emosie en verstand van die gelowige wou betrek. In hierdie verband is Velema se waarneming dat die musiek as selfstandige fenomeen, los van die teks, net so 'n belangrike funksie verrig as die teks op sigself, uiters belangrik en verdien dit meer aandag – veral in die vakterrein van die himnologie.

In die derde hoofstuk van hierdie bundel doen drs. Jaco van der Knijff 'n interessante ondersoek na die verskynsel dat sekere van die kerkliedere van Gerhardt met verloop van tyd in kerkliedbundels van gereformeerde protestantse kerke in Nederland opgeneem is. Hy toon aan dat daar oor die eeue heen 'n totaal van 39 liedere van Gerhardt in een of meer protestantse Nederlandse kerkliedbundels verskyn het. Omdat Gerhardt in Duits gedig het, is die liedere wat in Nederlandse bundels opgeneem is, in Nederlands vertaal en sommige se melodieë is ook verander. Met die uitgee van die *Liedboek voor de kerken* in 1973 is gepoog om sover moontlik na die oorspronklike terug te keer. Tog het die belangstelling vir die liedere van Gerhardt ná die *Liedboek* van 1973 heeltemal afgeneem: in die amptelike protestantse kerkliedbundels wat sedert 1973 uitgegee is, kom daar nie 'n enkele lied van Gerhardt voor nie. Van der Knijff is waarskynlik korrek in sy evaluering dat dit daaraan te wyte is dat die temas en inhoud wat in Gerhardt se liedere aan die orde kom, nie werklik meer relevant is vir die Europese gelowige van die 21e eeu nie.

In die derde en vierde hoofstukke van die bundel, word die invloed van Gerhardt se liedere op Dietrich Bonhoeffer ondersoek. Sowel ds. Jan Groenleer as ds. Hans Ruiters toon aan hoedat Gerhardt se liedere 'n besondere bron van inspirasie vir Bonhoeffer was veral die laaste tyd van sy lewe waartydens hy hom in die tronk bevind het. In 'n vergelyking tussen Gerhardt se Gesang 85 (*Evangelisches Gesangbuch*) en Bonhoeffer se Gesang 65 kom dit duidelik na vore. Hoewel Bonhoeffer se lied meer individueel en persoonlik van aard is, is dit duidelik dat Gerhardt se Gesang 85 – eeue later – op 'n besondere manier 'n eiesoortige weerklank vind in dié van Bonhoeffer se Gesang 65.

Nie alleen is dit belangrik om van Paul Gerhardt kennis te neem en die invloed wat sy liedere op die Lutherse kerkliedereskat gehad het nie, maar vir elkeen wat in die himnologie en die kerklied belangstel is dit ook belangrik om kennis te neem van die moontlike invloed wat kerkliedere oor tyd-, kerklike- en kulturele grense heen kan hê – soos die verskillende fasette daarvan duidelik in hierdie bundel aangetoon word.

Hoewel dit 'n akademiese bundel is, lees die boek gemaklik. Nie alleen is die formulering helder nie, maar ook die taalgebruik is van só 'n aard dat die gemiddelde Afrikaanse leser dit met min moeite sal kan verstaan. Dit is voorwaar 'n werk wat sterk aanbeveel kan word.

Bonhoeffer, Dietrich. 2008. Wat dissipelskap kos: genade wat alles van jou vra. In Afrikaans vertaal deur A. Nel. Wellington: Lux Verbi.BM. 96 p. Prys: R139,95. ISBN: 978-07963-0566-4.

Resensent: W.C. Opperman
Bybelwetenskappe en Bybeltale (Nuwe Testament),
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Wat dissipelskap kos word uitgegee in die “Tydlose geloofskatte”-reeks van Lux Verbi.BM. In hierdie boek word Dietrich Bonhoeffer se gedagtes, wat oor 'n aantal jare tot stand gekom het, saamgevat. Die gedagtes het die eerste maal as *Nachfolge* in 1937 verskyn, toe Bonhoeffer direkteur van die Belydende Kerk se kweekskool was. Sy weerstand teen die verwringing van die gereformeerde leer in die *Reichskirche* (Rykskerk) van daardie jare en teen die vals evangelie van die Nazi-ideologie, word duidelik in sy sterk standpunt teen “goedkoop genade”. Dit vorm die hart van hierdie boek. Vryspraak in Christus eis 'n ingrypende leefstylverandering. Daarom noem hy dit “duur genade”. Die verband tussen gehoorsame dissipelskap en vryspraak word in vier hoofde uitgewerk: Genade en dissipelskap; Die Bergpreek (waarin Matt. 5, 6 en 7 geïnterpreteer word); Die boodskappers (Matt. 9:35-10:42); en Christus se gemeente en dissipelskap. 'n Bruikbare bylae agter in die boek bevat nuttige verwysings en notas, 'n indeks van Bybelgedeeltes, asook 'n indeks van belangrike persone.

In die eerste hoofstuk van Deel 1, “Duur genade”, word die verskil tussen duur en goedkoop genade, waarop keer op keer in die werk teruggekom word, duidelik gemaak. “Goedkoop genade” is wanneer

oor genade as leerstelling, beginsel of sisteem gedink word. Ons dink dan dat wie verstandelik met hierdie idee instem, se sonde klaar vergewe is. Dit vra geen nuwe lewe nie. “Goedkoop genade kom neer op die regverdiging van die sonde en nie die sondaar nie.” (p. 22.) “Duur genade” is die skat of die pêrel wat weggesteek is. “Genade is duur, want dit verplig ons om ons aan die juk van Christus te onderwerp en Hom te volg.” (p. 23.) Bonhoeffer beklemtoon dat die twee stellings: *Slegs wie glo, is gehoorsaam* en *Slegs wie gehoorsaam is, glo*, ewe waar en geldig is. Geloof word slegs geloof in die daad van gehoorsaamheid (p. 49).

In Deel 2, “Die Bergpreek”, word Jesus se eis om jou geloof in Hom uit te leef, op ’n reguit en praktiese manier uiteengesit. Iets van sy interpretasie en die inhoud word reeds in die opskrifte van die onderafdelings raakgesien. Matteus 5: Die “buitengewone” Christelike leefstyl; Matteus 6: Die onopsigtelike Christelike geloofslawe; Matteus 7: Die afsondering van die dissipelgemeenskap.

Deel 3 behandel die noodsaak dat dissipels boodskappers sal wees. Die dissipels wou die Here vir hulleself hou, maar Jesus het gekom om te ly ter wille van al sy mense. Hy sien die Jode en kry hulle innig jammer, omdat hulle moeg en hulpeloos was, herderloos. Die oes is groot, die arbeiders min (p. 229). Jesus kies, roep en stuur. In sy roeping, sy Woord, lê die krag en troos van dissipels wat lyding moet deurmaak.

Deel 4 gee iets van Bonhoeffer se ekklesiologie weer. Behalwe Jesus se opdrag vir die geloofsgemeenskap in die sinoptiese evangelies, word ook Paulus se leer oor die gemeente en dissipelskap geïnterpreteer.

Die verskyning van Bonhoeffer se *Nachfolge* in Afrikaans as *Wat dissipelskap kos*, kan verwelkom word. Dit ontsluit sy gedagtes vir die Afrikaanse leser. Die aktualiteit van die werk vir die gelowiges in Suid-Afrika word telkens besef, wanneer enersyds die klem op genade en geen regverdiging deur werke nie, gestel word. Die gesagsvolle roeping van Jesus tot dissipelskap is die oorsprong dat Hy gevolg word. Dit staan direk teen die verdraaiing van die gereformeerde leer, dat die sondaar eers na Christus moet gaan, voordat hy verlossing kan ontvang. Jesus word gevolg, omdat sy woorde gesag dra, nie omdat die dissipel in homself iets goeds het nie. Geen program kan tot dissipelskap lei nie; slegs Jesus se gesagsvolle Woord lei tot gehoorsaamheid. Andersyds is ’n besef van “duur genade” vir hedendaagse lesers net so belangrik. Niemand kan die werk onaangeraak lees nie. Die gevaar van ’n belydeniskerk, waar

geen duidelike eis om gehoorsaamheid aan die Here gepreek word nie, is net so groot soos destyds.

Die Afrikaanse vertaling deur Annes Nel lees lekker. Dit bevat nie hoogdrawende dogmatiese taal nie. Tog is dit jammer dat 'n paar goggas met die proeflees gemis is (bv. "... wat geen hoop bied vir diegene wat arm is ..." p. 203).

Die goeie Afrikaanse vertaling maak dit 'n boek vir gelowiges, vir toegewyde Bybelstudente en enige persoon wat erns maak met dissipelskap, maar ook vir teoloë. Omdat hy die gereformeerde leer verdedig, sal dit die gereformeerde leser se gedagtes prikkel tot nadenke oor geloof. Dit moet na gehoorsaamheid oorvloei.

Vos, Cas. 2008. Hoe kan ek jou laat los? God se liefde vir wegloopmense – Hosea. Wellington: Lux Verbi.BM. 176 p. ISBN: 978 0796 307 491.

Resensent: W.I. Wessels
Departement Ou Testament & Ou Nabye Oosterse
Studie, Universiteit van Suid-Afrika

Binne 'n religieuse konteks is die verhaal van Hosea vreemd, want hy kry opdrag om met 'n prostituut te trou. Dit noop 'n mens om onmiddellik te besef dat daar veel meer op die spel is as wat op die oog af blyk. Vos neem in hierdie publikasie die taak op om die vreemdsoortige verhaal verstaanbaar te maak. Dit is duidelik dat die profeet en die boodskap wat hy in diens van die Here moet oordra, een is. Die profeet se doen en late is die boodskap van ontrou en genadige liefde wat hy moet verkondig.

Die boek bestaan uit drie dele: Ontmoet Hosea; Hoe om oor God te praat; en Ontmoet God. In die eerste gedeelte stel Vos eers die boek Hosea in konteks in die Bybel as een van die twaalf Klein Profete – 'n profeet wat in die Noordryk opgetree het. Daarna vertel hy meer oor die profeet self, sy omgewing waarin hy opgetree het, die taal van die boek en 'n kort oorsig oor die boek. Die skrywer bied ook 'n raamwerk waarbinne die profeet sou optree – 'n omgewing waar die vrugbaarheidsgodsdiens van Baälverering hoogty gevier het.

In die gedeelte "Hoe om oor God te praat" behandel Vos die kwesie van religieuse taal. Hy bied 'n lang bespreking van die metafoor-

stylfiguur, 'n belangrike taalaspek om die boek Hosea te kan verstaan. Vos begin sy bespreking by die filosowe en borduur voort op die funksies van metafore. Hy trek op die ou einde sy bespreking van metafore nouer deur by die huweliksmetafoor in Hosea te eindig en die voorkoms van metafore in teologiese gesprekvoering.

In die gedeelte “Ontmoet God” behandel Vos die onderskeie onderdele van die Hoseateks soos hy dit verdeel. Hy begin met 'n inleidende gedeelte deur te kyk na die samestelling van die boek Hosea, die vertelstemme in die boek Hosea en ander tekste asook Hosea in die Nuwe Testament. Die grootste gedeelte word verder aan 'n sistematiese bespreking van die teks gewy. Vos bespreek 'n afgebakende tekseenheid en bied dan 'n eietydse lees van die tekseenheid aan.

Hierdie boek bied baie meer as wat met die eerste oogopslag voorkom. Die titel skep die indruk van 'n teologies-populêre publikasie – *Hoe kan Ek jou laat los?* Om die indruk verder te bevestig volg die newetitel: *God se liefde vir wegloopmense*. Die teendeel is egter waar, hierdie is 'n boek wat met konsentrasie gelees moet word. Dit is beslis nie ligte leesstof nie. Indien 'n mens die boek begin lees met die verwagting van ligter leesstof, besef jy egter baie gou dat die skrywer dit nie in die oog het nie. Voor jy by die Bybelteks van die boek Hosea met die eietydse leesvoorstelle uitkom, moet die leser deur bykans sestig bladyse teorie oor taal en inleidingsvraagstukke werk. Dit mag dalk baie lesers afskrik wat 'n ander leesbehoefte het.

Die boek Hosea hanteer op sigself moeilike kwessies. Die aanpak en die styl van *Hoe kan Ek jou laat los?* dra verder by tot die eise wat dit aan die leser stel. Die boek deins nie weg vir al die inleidingsvraagstukke van die boek Hosea nie. Vos hanteer die kwessies sonder om voor te gee dat hulle nie bestaan nie en bied ook sy eie keuses as oplossings aan. Hy doen dit in gesprek met kenners wat diepgrondige navorsing oor die boek gedoen het. Hierdie is ook 'n boek waar elke woord met sorg gekies is, 'n teken van 'n taalliefhebber. Die taal is dikwels gelade en die woordkeuses kleurrik. Soms wil die skrywer in een sin 'n groot hoeveelheid inligting weergee, wat bydra tot die pakkende skryfstyl. Hierdie skryfwyse verg baie konsentrasie en sinne moet dikwels weer gelees word vir duidelikheid. Die skrywer verhoog die gehalte van die boek deur 'n paar treffende poëtiese gedeeltes by te voeg.

Vos het deeglike navorsing gedoen. Daarvan getuig al die eindnotas asook die indrukwekkende bronnelys wat die mees resente publi-

kasies van navorsing oor die boek Hosea bevat. In die teks gaan Vos dikwels in gesprek met kenners van taal en die Ou Testament. Dit is nie aldag dat 'n persoon uit 'n ander teologiese dissipline soveel grondwerk uit die Ou Testament doen nie. Die vraag wat egter as gevolg hiervan ontstaan, is wie die teikengroep is. Die titel, buiteblad en agterblad van die boek wek die indruk dat dit vir 'n breë godsdienstige lesergroep bedoel is. Die aard, inhoud en die aanpak is egter vir 'n meer akademies-ingeligte leser geskik. Die sterkpunt van die boek kan dus terselfertyd 'n negatiewe eienskap wees. Die gedeelte waarin die Hosea-teks bespreek word, toon deeglike leeswerk en dinkwerk, terwyl die eietydse lees in baie gevalle kort en bondig is.

Vir ernstige en denkende lesers van godsdienstige literatuur is hierdie inderdaad 'n boek wat gelees moet word. Persone wat daarvan hou om 'n boek te lees met die Bybel byderhand sal beslis baat vind by Vos se grondige uitleg van Hosea. Sy deeglike bespreking van metafore en die gebruik daarvan in die Bybel sal beslis ook tot die regte lees van Bybeltekste bydra.

Fokusresensies

Simpson, Nico. 2008. **[On]gebreek: genade maak weer heel.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 192 p. Prys: R89,95.
ISBN: 978 07963 0715 6.

Resensent: P.P. Kruger
Sistematiese Teologie, Mukhanyo Teologiese Kollege

Volgens die skrywer self is hierdie boek gefokus op “die Een wat ons nie verder seermaak waar ons klaar geknak is nie”. Dit is 'n ryk en ryp publikasie – ryk aan (soms ietwat uiteenlopende) perspektiewe en ryp as gevolg van eie, innerlik-verwerkte ervaring en nadenke. Tog is dit in 'n maklik-leesbare idioom geskryf, sonder om oppervlakkig te word. Vergelyk ook die talle notas aan die einde van die boek. Die meer alledaagse taalgebruik weerspieël die bedoeling van die skrywer: om die vrae waarmee talle van ons in hierdie tye worstel, met die diepbewoë hart van 'n *pastor-tussen-die-mense* te hanteer. Daarvoor is God se genadeboodskap – en *genade alleen!* – vir hom genoeg. Hy vertel hoe die magtige, lewensveranderende

betekenis van genade teenoor ons krampagtige pogings om God met iets in onself te probeer beïndruk, in sy vyfde jaar op universiteit by hom deurgebreek het. In die lig daarvan skryf hy “vir mense wat vry wil wees om hulleself te wees” (p. 17). Alleen God se genade kan dit teweegbring!

Die inhoud is in twee hoofdele verdeel: “Genade pas my soos ’n handskoen” en “God het my lief net soos ek is, al verander ek nie”. Onder hierdie opskrifte word twaalf fasette van genade behandel. In die eerste hoofdeel handel dit oor genade as antwoord op ons gevoel van ontheemdheid, ons bestaansangs, vreesagtigheid, onwil om die lewe aan te pak, onsekerheid en die behoefte om in beheer te wees. Die tweede hoofdeel behandel die oorblywende ses kante van genade, naamlik sy verhouding tot my suksesse, foute, behoeftes, selfaanvaarding, andersheid en vryheid. Dit is onthullend hoedat die skrywer in ’n “tussenstuk”, aan die hand van ’n praktiese, pastorale gesprek hierdie insigte toepas. Is dit nie baie gelowiges vandag in Suid-Afrika wat in die volgende woorde van die skrywer se gespreksgenoot na vore kom nie?: “Jy kan die perfekte goed hoor en dit net nie hoor nie. Jy kan ’n boek lees en dit lees. Jy kan hoor: ‘Maak die sluise oop, laat gaan,’ maar dit is iets anders as wanneer jy besef ek *kan* maar die sluise ooptrek en net gaan lewe.” (p. 101.)

Die aksent wat in hierdie boek geplaas word op genade wat ’n mens vry *maak*, is verkwikkend. Dit is inderdaad nodig om vandag sterk beklemtoon te word. Te veel gelowiges wat die Reformasie se “*genade alleen*” bely, belééf nog nie werklik die vryheid om daarmee dit uit ons kokonnetjies uit te waag nie – te waag na egte diensbaarheid, vreugde en onkonvensionele openheid vir ander mét hulle andersheid. As hierdie boek ons oë dáárvor oopmaak, het dit al baie bereik!

Die tegniese afwerking is oor die algemeen voortreflik – net jammer vir die steurende spelfout op p. 175.

Smit, Nina. 2008. **Lig vir die wêreld: deur dieper geloof na lewensvreugde.** Wellington: Lux Verbi.BM. 272 p. Prys: R99,95. ISBN: 978 07963 0725 5.

Resensent: S. Lourens
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Nina Smit, skrywer van talle Christelike boeke, het al groot bekendheid as dagboekskrywer verwerf. Twee van haar boeke, *Dagboek vir die vrou* en *Aemskep-oomblikke met God* is ook al in Nederlands vertaal.

Die deurlopende tema in al haar boeke is die inspirasie om God as liefdevolle en genadige Vader te leer ken. Haar nuutste boek *Lig vir die wêreld: deur dieper geloof na lewensvreugde* is ook nie anders nie.

Deur hierdie boek, word die leser op 'n pad gelei waar die diverse aspekte van God se liefde ondersoek word. Reeds by die opneem van die boek word deur die voorblad 'n kalm reis oor diep waters gesuggereer – 'n vaart vanuit donkerheid na 'n met-lig-gevulde horison, op 'n boot met plek vir een passasier en een Stuurman.

Gedurende die vyftien hoofstukke in die boek, word 'n mens gelei om progressief dieper in jou verhouding met God te delf. Ook word 'n mens geïnspireer om jou persoonlike manier van Christenwees krities te ondersoek en ooreenstemmend aan te pas.

Hoofstuk 1, getiteld “God se hand in jou lewe” begin met die anonieme aanhaling: “As God klein genoeg was vir ons om te verstaan sou Hy nie groot genoeg gewees het vir ons om te aanbid nie.” Dit skep onmiddellik die gewenste atmosfeer om die res van die boek te lei, naamlik 'n absolute afhanklikheid van God.

Smit verdeel die hoofstukke telkens in *bitesize* onderafdelings, wat ideaal is vir daaglikse oordenking. Alhoewel daar deurgaans verwysings na en ook aanhalings is van verskeie Bybeltekste, verskil hierdie boek egter van 'n Bybelstudiedagboek in dié opsig dat daar nie 'n gedeelte is wat 'n mens vooraf uit die Bybel kan lees nie. Myns insiens sou dit heelwat waarde tot die boek toegevoeg het.

Die hoofstukke begin met bekende aanhalings, of aanhalings deur bekende persone, wat die tema van die hoofstuk inlei. Daarna volg 'n aantal onderafdelings wat aanpas by die hoofstuktema. Smit slaag telkens daarin om raakpunte in 'n mens se persoonlike lewe te

vind en om 'n mens dan stelselmatig vanuit daardie situasie te lei tot 'n beter verstaan, interpretasie en aanvaarding van die eie persoonlike omstandighede. Dit doen Smit deur reëlmatige verwysing na omstandighede en gevolge uit die lewens van verskeie Bybelfigure.

Elke hoofstuk word afgesluit met 'n omvattende gebed, wat deeglik deurdink behoort te word en wat as 'n goeie afsluiting vir die temas dien.

Van die ander temas wat in hierdie boek aangeraak word, is: "God Drie-enig", "God se Woord", "In gesprek met God", "Geloof", "Genade", "Hoop", "Vreugde", "Spieëlbeeld en selfbeeld", "Jou identiteit as Christen", "Jou roeping as Christen" en "Die hemel wag!"

Smit slaag weereens daarin om 'n boek van uitstaande gehalte daar te stel – 'n boek waarin elke leser deur haar eie "[w]oestyntye" kan gaan worstel met die vaste wete dat God altyd aan die stuur is.

In haar boek *Lig vir die wêreld: deur dieper geloof na lewensvreugde*, inspireer die bekende skrywer haar lesers en veral vroue van alle ouderdomme, tot 'n lewe van geloof, hoop, liefde en lewensvreugde.

Parrot, L. & L. 2008. Die ouer wat jy graag wil wees.

Wellington: Lux Verbi.BM. 206 p. Prys: R109,95.

ISBN: 978 07963 0772 9.

Resensent: W. Leuschner
Gereformeerde Kerk Wapadrand

Drs. Les en Leslie Parrott is die stigters en mededirekteure van die Center for Relationships Development aan die Seattle Pacific University. Meer nog, hulle is man en vrou en ouers van twee seuns. Daarom is hulle ideaal geskik om 'n boek oor ouerskap te skryf. Die boek stel as uitgangspunt op die agterblad: "Jy kan kies watter soort ouer jy wil wees, en die soort kind wat jy wil grootmaak." Die outeurs se benadering tot hierdie boek is gevolglik dat *wie ouers is* meer saak maak as *wat ouers doen* (p. 19). Die boek poog dus om ouers te begelei om die ouers te wees wat hulle wil wees, eerder as om ouerskaphandeling voor te skryf.

Die hoofdeel van die boek bespreek tien kenmerke van ouers wat nagestreef kan word. Ouers word aangemoedig om die tien ken-

merke deur te werk en dan vier te kies om op te fokus: twee waarin hulle natuurlik goed is, en twee wat hulle oortuig is hulle beter ouers gaan maak. Die tien kenmerke is die volgende:

- Om die lof te gee wat hulle soek: Is jy 'n ouer wat *bemagtig*?
- Om (weer eens) tot tien te tel: Is jy 'n *geduldige* ouer?
- Om te hoor wat hulle nie sê nie: Is jy 'n *opmerksame* ouer?
- Om 'n prentjie van hulle toekoms te sien: Is jy 'n ouer met *visie*?
- Om 'n goeie verhouding te bou: Is jy 'n *verbonde* ouer?
- Om belangrike gebeure te herdenk: Is jy 'n *vierende* ouer?
- Om jou woord te hou: Is jy 'n *betroubare* ouer?
- Om die veiligste hawe op aarde te skep: Is jy 'n ouer wat *vertroos*?
- Om wysheid tuis te bring: Is jy 'n ouer met *insig*?
- Om in God se teenwoordigheid te leef: Is jy 'n ouer wat *bid*?

Elkeen van hierdie tien kenmerke word eers aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek, waarna die leser hom-/haarself met 'n "selftoets" kan toets. Daarna volg 'n praktiese uiteensetting van wat elke ouer kan doen om in die spesifieke kenmerk te groei. Elke hoofstuk word afgesluit met 'n aantal besprekingsvrae.

Nadat die tien kenmerke bespreek is, word ouers aangeraai om die ouer te ontdek wat hulle *nie* wil wees nie, sodat hulle kan weet waarteen om te waak. Uiteindelik wil die boek die fokus laat val op die ouer wat elkeen *wil* wees en hoe om dit te wees/te word. Die boek eindig met "'n Spesiale woord vir enkelouers", waarin gewys word hoe enkelouers ook hierdie beginsels kan toepas.

Die ouer wat jy graag wil wees is 'n wonderlike ouerskapsboek in 'n wêreld waar baie boeke geskryf word oor hoe kinders verskil en hoe om verskillende tipes kinders groot te maak. Hierdie boek fokus op die belangrikste aspek in ouer-kind-verhoudings, naamlik wie ouers moet wees. Tereg merk die skrywers op "Kinders streef daarna om te word soos hulle ouers is." (p. 18.) Die boek is deur 'n professor in sielkunde (Les) en 'n huweliks- en gesinsterapeut (Leslie) geskryf. Dit is dus nie 'n sterk teologiese boek nie, maar die praktiese ervaring van die skrywers en die geselstrant waarmee dit aangebied

word, maak die boek aangenaam om te lees en baie prakties vir gesinne vandag.

Die boek is 'n vertaling van die oorspronklike wat onder die titel, *The parent you want to be*, in Amerika uitgegee is. Die vertaling is bevredigend, hoewel daar hier en daar tog vertaalfoute voorkom. Die Amerikaanse konteks en -verhale hinder nie en 'n mens kan jou maklik die ekwivalent in 'n Suid-Afrikaanse en Afrikaanse konteks voorstel.

Die boek is verrykend en verfrissend en sal baie goed gebruik kan word deur individue, egpare en kleingroepe. Die boek word sterk aanbeveel vir enigiemand wat kinders het, met hulle werk of beplan om kinders te kry.

Botha, Jannie. 2008. Pendelhuwelik. Wellington: Lux Verbi.BM.
64 p. Prys: R69,95. ISBN: 978 07963 0761 3.

Resensent: G. Lotter
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Hierdie boek vervul 'n behoefte wat lankal bestaan. In die pastorale werk wat ek doen en ook in die omgang met ander mense in die praktyk, kerklike lewe en vriendekring, is die voorkoms van "pendelhuwelike" al hoe sterker. 'n Neiging wat ook sterker toeneem, is mans wat in die buiteland werk en slegs twee of drie keer per jaar huis toe kom, sodat alles in werklikheid by die huis op die vrou afkom. Dit raak al hoe meer algemeen dat selfs vroue (soms met klein kindertjies) vir tye weg van die huis moet wees ter wille van haar loopbaan – dan neem die man weer al die verantwoordelikheid op hom.

Dit is duidelik dat die skrywer, dr. Jannie Botha (sielkundige wat spesialiseer in verhoudingsterapie) weet waarvan hy praat en baie ervaring het van hierdie unieke soort huwelik. Hy het definitief blootstelling aan die tipe scenario's wat in die boek geskets word en kom ook met konkrete voorstelle hoe sekere sake hanteer kan word. Hierdie aspek kon egter, myns insiens, sterker uitgebrei word, soos later aangetoon sal word.

Die uiteensetting van die boek lyk soos volg: By die inleiding word 'n analise gegee van die drie vlakke waarin huweliksmaats hulleself kan bevind: onafhanklik, afhanklik en interafhanklik, waarvan laas-

genoemde vir hom die beste is. Die hoofstukke wat volg, handel oor gesinseenheid, verantwoordelikheid en rolvervulling. Daarna volg hoofstukke oor die drie elemente wat Botha as die belangrikste in die huwelik ag (waarmee ek heelhartig saamstem): die *geestelike*, *emosionele* en *fisieke* en dit word gevolg deur twee slothoofstukke oor buitemense en buitendinge, asook kommunikasie.

Die boek word ryklik aangevul met mense se eie ervarings van 'n pendelhuwelik, hetsy uit die man of die vrou se oogpunt gesien. Unieke probleme duik op wat nie in normale huweliksituasies sal gebeur nie, soos byvoorbeeld die paartjie wat in die buiteland is waar die vrou 'n dinamiese loopbaan het en die man onvervuld tuis sit omdat hy nie werk kry nie. In 'n ander geval bly die egpaar saam met ander mense in die buiteland (ter wille van kostebesparing), maar dit laat hulle weer met geen privaatheid.

As huweliksberader het ek by die lees van hierdie boek, besef water besondere uitdagings daar vir egpare in pendelhuwelike is, maar ook vir die predikante, beraders en terapeute wat hulle moet begelei. Dit verg dus 'n ander tipe pastoraat as wat mens gee aan egpare wat altyd saam in dieselfde huis is.

In die laaste hoofstuk wat oor kommunikasie handel, word 'n breë raamwerk gegee van hoe egpare in 'n pendelhuwelik behoort te kommunikeer en konflik te hanteer. Dit is hier waar 'n mens wou vra: skryf 'n bietjie meer en gee meer idees "wat om te doen". Daar word byvoorbeeld genoem dat by konflikhantering daar gewag, geluister en gepraat moet word, maar dit word nie uitgebrei nie. Na my oordeel sou dit ideaal gewees het indien die skrywer presies kon uitstippel wat so 'n paartjie moet doen as hulle wag, luister en praat.

By al die positiewe aspekte van die boek, is dit een ding wat dit verder kon verryk: meer praktiese, direkte opdragte wat mense in 'n pendelhuwelik kan doen.

Nogtans beveel ek die boek ten sterkste aan vir enige paartjie wat hulle in 'n pendelhuwelik bevind.